



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinder storie:

Mila Muis en die toebroodjies deur Anna Emm

Mila Muis woon in die kombuis van die mooiste huis in Vioolstraat. Mila Muis is altyd honger, en saans wanneer die mense van die huis slaap, sluip sy uit haar gaatjie in die muur opsoek na ietsie om te eet. Partykeer is daar broodkorsies langs die broodplank. Partykeer is daar appelskille langs die wasbak. En partykeer is daar halfgeëete lekkertjies of chips in die drommetjie langs die stoof! Die klein seuntjie wat in die huis woon, klein Hendrikkie, eet nie altyd sy lekkertjies op nie.

Maar vanaand is daar net mooi niks om te eet in die kombuis nie. Die bediende het baie mooi opgeruim en alles weggepak. Mila Muis kyk oral in die kombuis, maar sy sien niks. Sy ruik met haar spitsneusie in die lug... en... ja, sy ruik iets! Iets lekkers! Sy soek en sy soek, en dan kry sy dit: agter die blikke is 'n blou bakkie, en bo-op die blou bakkie is 'n deksel, en onder die deksel is... twee heerlike toebroodjies met kaas! Mila Muis is só honger dat sy sommer altwee toebroodjies dadelik opeet!

Vroeg die volgende oggend kom die mamma van die huis by die kombuis in. Sy gaan na die blikke en loer in die blou bakkie vir die toebroodjies. Dan trek sy haar asem vinnig in! Waar is die toebroodjies dan? Dis weg!

Mila Muis steek haar klein neusie by die gaatjie uit en sy hoor hoe die mamma van die huis vir die pappa sê: "Ek het twee toebroodjies met kaas vir klein Hendrikkie gemaak, en dit hier in die bakkie gesit. Dit was ons laaste brood, en nou is dit weg! Wat gaan ek nou vir hom gee om te eet? As hy wakker word gaan hy baie honger wees!"

O, en nou voel Mila Muis só sleg oor sy die klein seuntjie van die huis se broodjies opgeëet het! Sy het nie geweet dis die laaste broodjies nie! Sy sal aan 'n plan moet dink, anders gaan klein Hendrikkie vreeslik huil as hy wakker word.


En net daar kry Mila Muis mos die beste plan in die hele wêreld! Sy skarrel by die venster uit, op teen die muur, al met die geut langs tot daar by die groot ou boom waar al haar vriende woon.

Toe die mamma van die huis 'n rukkie later in die kombuis kom, staan daar 'n bakkie met heerlike druiwekorrels wat die voëltjies in die boord gaan pluk het, heerlike soet aarbeie wat die erdwurms uit die grond gegrawe het, vars neute wat die muise uit hulle spens gaan haal het, en sowaar twee heuning-beskuitjies wat Mila Muis se skoenlappervriende by die eekhorinkies gaan vra het!

Dit was die lekkerste ontbyt wat klein Hendrikkie nog ooit gehad het, en die mamma en pappa van die huis het nog lank gewonder hoe die heerlike kos dan in die bakkie beland het.

Gratis inkleurprentjie:

Mila Muis en die toebroodjies illustrasie deur Elanie Bieldt





Nuus uit die kantoor

Ontmoet ons top agent vir Februarie

Ina Genade het onlangs aangesluit as agent vir Anna Emm Productions se kinderstories, en het almal se verwagtinge oortref toe sy binne die eerste 3 weke reeds R10 000 se verkope gedoen het! Ons het met haar gesels om te hoor wat haar geheim is... Ek het op Facebook gesien Anna Emm adverteer vir agente. Omdat ek die produkte geken het en self al daarvan gekoop het, het ek gedink dis 'n goeie geleentheid om ander ouers ook daaraan bekend te stel. Daar is beslis 'n groot aanvraag na oulike kinderstories, en ek het geweet Anna Emm se stories is van goeie kwaliteit.

Hoe het jou beeld van Anna Emm verander nou dat jy self by haar en die besigheid betrokke is? Anna se man, Stefan, was saam met my op skool, so ek het geweet van haar deur ons Facebook-konneksies. Maar vandat ek so nou met die produkte en dit wat in die kantoor

gebeur saamwerk, is ek nogal "omgebou" deur Anna se talent en haar visie. Sy het regtig 'n aanvoeling om vir kinders stories te vertel, en 'n vermoë om heelyd vars produkte te skep.

Jy het 'n baie goeie maand gehad in Februarie. Watter produkte was die gewildste onder jou kliënte? Die Afrikaanse Kinderstories-reeks (A4 boeke met CDs) is beslis 'n groot treffer, want baie ouers soek iets waarna hulle kinders kan luister terwyl hulle dit in 'n boekie kan saamlees. Die "Eendag was daar 'n storie"-CDs met bekende stories, en dan ook die "Speurder Morris Muis" CDs was baie gewild onder my kopers.

Wat is jou persoonlike gunsteling? Dis nogal moeilik om te kies! Maar, nou dat ek ook 'n nuwe lesertjie in die huis het, sien ek die veelsydigheid van die Afrikaanse Kinderstories met boek en CD raak. Ons hele gesin sit ook met gespitste ore na "Speurder Morris Muis" en luister... Toe ons "Die Land van Tak"-dvd ontvang, het my kinders dit in minder as 24 uur, twee maal deurgekyk en só geniet!

Watter raad het jy vir nuwe agente? Deel jou opgewondenheid oor 'n produk met mense, maar probeer om hulle nie te vervreem daarvan deur óórentoesiasies te wees nie.

Jy moes seker partykeer bietjie "kreatief" raak met die bemerking? Ek het begin deur net my lys van vriende, familie en kennisse met gratis selfoonboodskappe en e-posse laat weet het dat hulle die produkte by my kan bestel. Facebook het ook baie gehelp. Met twee kinders in twee verskillende skole op Worcester, kon ek ook elkeen se juffrou pols om ander mammas en onderwysers deur die katalogus te laat loer. Ek het wel één middag by my graad eentjie se swemles 'n paar pamflette aan die ander mammas uitgedeel, maar die knaap het my rooi in die gesig laat verstaan dat dit "glad nie cool" is as sy ma die ander mammas "pla" nie.

Hoe werk jy agent-wees by jou roetine met die kinders in? Die eerste week het ek gehoop dat ek soggens aan bestellings kan wy en dan smiddae tyd het vir die kinders se buitemuurs en huiswerk. Maar natuurlik het bestellings nie kantoorure nie – en dis goed so! Dit help dat ek 'n organiseerder in die oortreffende trap is (my vriende noem my Monk!) en altyd my bestelboekie en katalogus by my het. Dan handel ek bestellings so tussendeur af. En die roetine met die kinders sorg ook dat ek voortdurende nuwe kliënte ontmoet.

Jy het sopas die alleenreg gekry op Worcester en Rawsonville. Wat is volgende? Is dit uitspattig om te sê ek hoop dat daar binnekort in elke klassie in elke skool in die Breedevallei minstens 'n paar van Anna Emm se produkte sal wees? Ek hoop die kinders raak só opgewonde oor die lekker stories, dat hulle ouers net nog en nog sal wil aanskaaf!

Wat sê jou kinders daarvan dat jy nou kinderstories verkoop? Toe ek my katalogusse ontvang het en vir Christiaan (6) sê dat hy nou vir al sy maatjies moet vertel dat ek 'n agent vir Anna Emm se stories is, was sy geskokte reaksie: "Maar, Mamma, jy kan nie almal daarvan vertel nie, want dan is jy mos nie meer 'n Geheime Agent nie?" (Hy wil eendag graag 'n spioen word.) Imari (4) vra gereeld vir my of daar nog nie nuwe stories in die pos gekom het nie, en danksy haar bemerking het ek al heelwat bestellings uit haar kleuterskooltjie gehad!


Kontak agente@annaemm.co.za vir meer besonderhede oor hoe jy ook 'n agent kan word.

Spesiale aanbod: geldig 5-11 Maart

Koop beide Jakkals en Wolf CDs en kry 'n GRATIS leesboekie!

Wat jy moet weet oor ons Jakkals en Wolf CDs:

Toe ons besluit het om 'n versameling Jakkals en Wolf stories vry te stel, was ons probleem: (1) baie van die oorspronklike Jakkals en Wolf stories was baie wreed en het geweld aangemoedig en as "snaaks" opgedis, en (2) omdat Jakkals die "slim" een is en Wolf die "dom" een het ons gevoel die stories moedig kinders aan om ander te boelie omdat dit sal beteken hulle is "slimmer" as die ander kinders. Ons het dus besluit om net sekere van die stories te kies, en die stories oor te skryf in kindervriendelike taal. Met die oorskryf van die stories het ons klem gelê daarop dat Jakkals en Wolf altwee skelms is, en dat dit is wat skelms met mekaar doen: hulle is heelyd besig om mekaar te bedrieg en af te knou. Uiteindelik was ons tevrede dat ons versameling dierestories die "Anna Emm stamp of approval" dra en dat ouers dit met geruste harte vir hulle kinders kan aankoop! Nes al ons ander stories bevorder dit goeie waardes, stimuleer dit kreatiwiteit by kinders, en brei dit kinders se verbeelding uit. Mamma en Pappa sal net so lekker kan saamluister! Hanri Platzoeder is 'n radio omroeper by Radio Tygerberg in die Kaap, en haar stem was perfek vir hierdie lekkerluister dierestorie-versameling!



Spesiale aanbod!

Koop altwee Jakkals en Wolf CDs @ R200 en ontvang 'n GRATIS STORIEBOEK!
(waarde R60)
Geldig 5-11 Maart

Ou bekende stories oor daai Jakkals en wolf..!

In 2011 het Anna Emm 'n versameling van die bekendste Jakkals en Wolf stories afgestof, en in haar unieke, moderne vertelstyl oorgeskryf vir vandag se kinders. Die CDs bevat ook 'n paar ander bekende dierestories en is beslis een van ons gewildste versamelings! Voorgelees deur Hanri Platzoeder.

Kode: JW01A
Jakkals en Wolf CD 1
60 min | audio cd
R 100.00

Kode: JW02A
Jakkals en Wolf CD 2
60 min | audio cd
R 100.00

Stories op CD 1:

- 1 Jakkals en Wolf werk vir die boer
- 2 Hasie en Skilpad hardloop resies
- 3 Jakkals en Wolf vang vis
- 4 Koning Leeu en die muis
- 5 Jakkals en Wolf en die gesteelde bok
- 6 Hasie Kalbassie by die watergat

Stories op CD 2:

- 1 Jakkals en Wolf in die put
- 2 Die stadsmuis en die plaasmuis
- 3 Jakkals en Wolf steel skaap
- 4 Hasie en Olifant trek tou
- 5 Jakkals en Wolf en die hangklip
- 6 Die voëls kies 'n koning

GRATIS STORIEBOEKIE!

Koop altwee Jakkals en Wolf CDs @ R200 en kry hierdie A5 storieboekie: "Vanaand as ek slaap gaan ek vlieg oor die see..." GRATIS!

Storie deur Anna Emm | Illustrasie deur Elanie Buih

Hoe om te bestel:

Betaal die regte bedrag (R200) na:

Anna Emm Productions

ABSA 916 338 0225

Takkode 632005

...met jou naam as verwysing.

Stuur 'n epos na

lekerbekkie@annaemm.co.za

met jou bestelling,

kontakbesonderhede en posadres.

Slegs geldig tot 11 Maart!

Lekkerbekkie Nusbrieff
is 'n produk van
Anna Emm Productions.

www.AnnaEmm.co.za

021 911 5618